netwerk24.com

# Koerantjoernaliste behou hul werk by Media24 ná 'kragtige debatte'

Send to Kindle




Die Media24-hoofkantoor in Heerengracht in Kaapstad.

Gehalte-joernalistiek in Afrikaans het 'n hupstoot gekry met die nuus dat geen koerantjoernalis meer as deel van Media24 se beoogde herstrukturering afgelê gaan word nie.

Dit beteken 66 mense, uit 'n totaal van nagenoeg 400 wat aanvanklik geraak sou word, gaan beslis hul werk behou, selfs al gaan die gedrukte weergawe van vier

koerante – *Beeld*, *Rapport*, *City Press* en *Daily Sun* – moontlik steeds gestaak word.

*Beeld* en *Rapport* se inhoud sal op Netwerk24 voortleef, *City Press* s'n op News24 en *Daily Sun* sal van SNL24 na sy eie gratis nuuswebwerf skuif.

Ishmet Davidson, uitvoerende hoof van Media24, het Woensdag in 'n verklaring gesê: "Reg van die begin af het Media24 onderneem om werkverliese – veral onder ons joernaliste – tot die minimum te beperk. Hierdie is 'n belangrike deurbraak en keerpunt in ons konsultasies met personeellede . . .

"Hierdie uitkoms is danksy 'n kragtige konsultasieproses wat lang besprekings en debatte met ons redakteurs ingesluit het.

"Dit het ook oor meer gegaan as net die oorgang van ink op papier na digitaal, in pas met onomkeerbare verbruikersvoorkeure en -tendense. Hierdie is 'n besluit wat uiteindelik in diens van die breër joernalistiek staan."

*Beeld*, wat onlangs as "te koop" aangebied is, is nou nie meer te koop nie.

Dankie vir lesers se stem wat opgegaan het en dat Media24 dit en ook ons redakteurs gehoor het.

Barnard Beukman, redakteur van Beeld

"Hoewel die PDF-weergawes van *Beeld* en *Volksblad* na verwagting nie meer beskikbaar gaan wees nie, werk die spanne aan planne om 'n digitale teenwoordigheid vir dié geskiedkundige en geliefde handelsname op Netwerk24 te bly gee."

Henriëtte Loubser, hoofredakteur van Netwerk24 en Afrikaanse Nuus by Media24, sê sy is "verheug" oor die nuus.

"Media24 het sy verbintenis tot gehaltejoernalistiek bevestig deur in die belangrikste element daarvan te belê: Die joernaliste wat dit moet laat gebeur.

“Dié inspuiting van joernaliste in Netwerk24 se nuuskantoor bemagtig ons om uitnemende werk te lewer. Ons moet wees waar Afrikaanse lesers is en die meeste mense verkies nou om nuus op hul selfone of rekenaars te kry. Ons taak is om vlymskerp te fokus op wêreldklas-nuusinsameling en sinvolle en gerieflike digitale verpakking.

“Ons mededingers is lankal nie meer plaaslike media nie – nuuswebwerwe ding globaal mee teen die groot tegnologieplatforms en sosiale media waar mense ‘nuus’ kry wat nie deur dieselfde gehaltebeheer as in ’n professionele nuuskantoor gaan nie. Dis ook nie onderworpe aan die etiese riglyne van ’n Perskode nie.

“Daarom moet ons seker maak dat professionele joernalistiek digitaal uitstyg en floreer en ’n teenvoeter is vir mis- en disinformasie.”

Barnard Beukman, redakteur van *Beeld*, meen ook “die voortbestaan van gehalte- Afrikaanse joernalistiek het ’n groot hupstoot gekry met Media24 se besluit om die spesifieke talentpoel te behou”.

“Sedert die begin van die proses het Netwerk24 volgehou hy wil by uitstek ’n sentrum van gehalte bly en dit verder uitbou. Met die beskikbare talent gaan dit hulle in ’n sterker posisie as ooit hiervoor plaas.

“Die onttrekking van *Beeld* uit die verkoopsmark bring ook groot verligting, want ’n respekvolle tuiste vir die handelsnaam is belangrik vir joernaliste en lesers.

“Indien Media24 se voorstel, dat die drukuitgawe van *Beeld* sluit, volvoer word, kan ’n kreatiewe manier nou gevind word om die handelsnaam steeds op Netwerk24 se webwerf sigbaar te hou.

“Dankie vir lesers se stem wat opgegaan het en dat Media24 dit en ook ons redakteurs gehoor het. Om tot die besluit te kom, wat ’n groot bykomende salarisrekening insluit, het moed en leierskap van Media24 geverg.”

Inge Kühne, redakteur van *Rapport*, is ook verheug oor die nuus en die bewys dat Media24 "steeds verbind is tot gehalte-joernalistiek". "As joernaliste staan ons eerstens in diens van die gemeenskap en ons sien uit om voort te gaan om as *Rapport* se redaksie dié verantwoordelikheid na te kom."

Art. 189-konsultasies gaan voort met ander personeellede by Media24 wat deur die voorgestelde herstrukturerings en verkoop van ondernemings geraak word.

"Die behoud van die koerantjoernaliste is 'n stewige hupstoot vir ons digitale nuuskantore en hul volgehoue sukses om joernalistiek te lewer wat die waarheid voorop stel en ons weerbare demokrasie beskerm. Hoewel dié besluit koste inhou, reken ons dat dit onomwonde 'n belangrike belegging in en toewyding aan die toekoms van gehaltejoernalistiek weerspieël," sê Davidson.

Die laaste tyd het skerp kritiek teen die herstrukturering opgeklink, onder meer van die vakbond Solidariteit, wat lede by Media24 het.

Paul Jenkins, voorsitter van die mededingende mediagroep Caxton, het gesê die sluiting van die publikasies sou 'n slag vir die Suid-Afrikaanse demokrasie wees.

Davidson het weer bevestig dat geen herstrukturerings of sluitings sal gebeur voordat die Mededingingskommissie die voorgenome verkoop van die verspreidingsafdeling On the Dot, Media24 se gemeenskapskoerante en *Soccer Laduma/Kick Off* aan Novus goedgekeur het nie.

"Ons gaan eersdaags ons aansoek hiervoor indien en verwag dat die kommissie teen die einde van Oktober uitspraak sal lewer."

---

https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/tegnuus/koerantjoernaliste-behou-hul-werk-by-media24-na-kragtige-debatte-20240731